

## 'n Profesie van Ouds Onthul die Toekoms

Een van die wêreld se oudste profesieë verklaar dat ons planeet op die punt staan om die mees dramatiese gebeurtenis in die mens se geskiedenis te ervaar: die einde van die beskawing soos wat ons dit ken. Hierdie profesie spesifiseer nie 'n datum nie – ook nie 'n jaar of dekade of selfs 'n eeu nie. Die oorsig daarvan van die menslike geskiedenis was nietemin so akkuraat dat die finale stap – die enigste een wat oor is om vervul te word – absoluut seker is.

Die verhaal begin met die tragiese wegvoering van duisende Jode uit hulle tuisland in Palestine.\* Onder die ballinge wat Koning Nebukadnésar na Babilon geneem het, was daar vier jong prinse: Daniël, Sadrag, Mesag en Abednégo. In 'n stap wat vir ons vreemd lyk, maar wat in daardie dae algemeen was, skryf Nebukadnésar hierdie vier jong manne in by die “Universiteit van Babilon” om as koninklike raadgewers opgelei te word.

### Nebukadnesar se nagmerrie

'n Rukkie hierna het die koning 'n droom gehad. In werklikheid was dit 'n nagmerrie wat hom nie wou loslaat nie, maar wat hy die volgende oggend nie kon onthou nie.

seker wees dat die laaste gebeurtenis – die einde van die wêreld soos wat ons dit ken en die vestiging van God se eie koninkryk – ook sal plaasvind.

\*Daniël 2 bevat hierdie profesie. Daniël 1 skets die toneel.

Oortuig van die droom se belangrikheid, het Nebukadnésar sy koninklike raadgewers ingeroep en vir hulle gevra om vir hom te vertel wat hy gedroom het en ook wat sy droom beteken het.

Hierdie “wyse manne” het beswaar gemaak teen hierdie verregaande opdrag. Maar die koning het gesê, “Vertel vir my die droom of ek sal julle laat doodmaak!” Ten spyte van die doodsdreigement, kon die koninklike raadgewers egter nie met 'n geloofwaardige antwoord na vore kom nie.

Daniël en sy drie vriende was egter nie na die paleis geroep saam met die res van die koning se raadgewers nie. Aangesien hulle egter miskien ook wyse-manne-in-opleiding was, het die opdrag hulle ook ingesluit. Toe die amptenare gekom het om hulle te arresteer, het Daniël gevra vir nog 'n bietjie tyd. Die versoek was toegestaan, en daardie nag het God vir Daniël presies dieselfde droom gegee as wat Nebukadnésar gehad het. (God was die een wat dit in die eerste plek vir die koning gegee het.) Die volgende oggend het die amptenaar wat hom moes arresteer vir Daniël voor die koning gebring.

### Daniël verduidelik die droom

Nadat die formaliteite van groet afgehandel was, het Daniël vir die koning vertel wat hy gedroom het. “U, o koning, het 'n gesig gehad – kyk, daar was 'n groot beeld.” Die kop van die beeld was van goud gemaak,

die arms en bors van silwer, die heupe van brons, die bene van yster, en die beeld se voete was gemaak van yster met klei gemeng. Soos wat die droom voortgegaan het, het 'n groot rots asof van nêrens verskyn, die beeld omgestamp, en dit tot poeier fyngemaak. Die rots het toe 'n groot berg geword wat die hele aarde gevul het.

Vanselfsprekend was die koning angstig om te weet wat die droom beteken het. Die begin van Daniël se verduideliking moes hom met trots vervul het: “U, o koning, ... is die hoof van goud.” Sy volgende woorde was egter nie so vleierend nie: “Ná u sal 'n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u.” Daniël het verduidelik dat daar altesaam drie koninkryke die van Babilon sou opvolg. Die meeste Bybelverklaarders stem saam dat dit Mede-Persië, Griekeland, en Rome voorstel.

Rome was egter die laaste in die opvolging van magtige ryke. Toe dit verbrokkel het, het die oorblyfsels daarvan uiteindelik die onderskeie nasies van Europa, Noord-Afrika, en die Midde-Ooste geword wat ons vandag ken. Die rots se vernietiging van die beeld stel die vernietiging van hierdie nasies aan die einde van die wêreld voor, waarna God Sy eie ewige koninkryk sal oprig.

### Wat is so verbasend

Hier volg nou wat so verbasend is oor hierdie profesie. Daniël het dit iewers rondom die jaar

600 v.C. geskryf. Hy was bekend met Babilon aangesien hy daar gewoon het, en hy kon van Mede-Persië geweet het toe hy hierdie profesie geskryf het – alhoewel daardie mag Babilon nie voor jare daarna omver gewerp het nie. Menslik gesproke was daar egter geen manier waarop Daniël die opkoms en val van Griekeland en Rome kon voorspel het nie, óf die verbrokkeling van die Romeinse Ryk. Hoërskool handboeke oor wêreldgeskiedenis getuig egter dat Nebukadnésar se droom vervul was *presies net soos wat Daniël dit aan die koning gegee het!*

Sommige Bybelkommentators maak egter daarop aanspraak dat Daniël slegs eenhonderd-en-veertig jaar voor Christus geskryf het, eerder as in ongeveer 600 v.C., soos wat hy beweer het. Hulle sê dus dat daar niks bonatuurliks was oor sy uitleg van die geskiedenis nie. Maar al het Daniël selfs sy profesieë in 150 v.C. geskryf, is daar geen manier waarop hy kon geweet het van die verbrokkeling van die Romeinse Ryk in baie afdelings, wat eers ongeveer vierhonderd jaar later gebeur het nie.

'n Verbasende feit konfronteer ons dus: 'n Profeet wat meer as tweeduizend vyfhonderd jaar gelede geleef het, het in die stroom van tyd afgekyk en 'n vooruitsienende akkurate uitleg van die toekoms gegee.

Ons kan tot geen ander gevolgtrekking hieruit kom as dat Daniël hierdie uitleg van die toekoms van God Self ontvang het nie. En omdat alles in Daniël se uitbeelding van wêreldgeskiedenis vervul is, kan ons


Ons hoop dat u dit geniet het om hierdie artikel te lees.

Indien u belangstel om soortgelyke materiaal oor onderwerpe soos verlossing, profesie, bybelse leerstellings, en Christelike lewenstyl te ontvang, of meer oor die Bybel te leer, kontak:

Anne-Marie of Malcolm by  
011 616 0171

of

Posbus 13415  
Witfield  
1467



seker wees dat die laaste gebeurtenis – die einde van die wêreld soos wat ons dit ken en die vestiging van God se eie koninkryk – ook sal plaasvind.

\*Daniël 2 bevat hierdie profesie. Daniël 1 skets die toneel.

## ‘n Profesie van Ouds Onthul die Toekoms

Een van die wêreld se oudste profesieë verklaar dat ons planeet op die punt staan om die mees dramatiese gebeurtenis in die mens se geskiedenis te ervaar: die einde van die beskawing soos wat ons dit ken. Hierdie profesie spesifiseer nie ‘n datum nie – ook nie ‘n jaar of dekade of selfs ‘n eeu nie. Die oorsig daarvan van die menslike geskiedenis was nietermin so akkuraat dat die finale stap – die enigste een wat oor is om vervul te word – absoluut seker is.

Die verhaal begin met die tragiese wegvoering van duisende Jode uit hulle tuisland in Palestine.\* Onder die ballinge wat Koning Nebukadnésar na Babilon geneem het, was daar vier jong prinse: Daniël, Sadrag, Mesag en Abednégo. In ‘n stap wat vir ons vreemd lyk, maar wat in daardie dae algemeen was, skryf Nebukadnésar hierdie vier jong manne in by die “Universiteit van Babilon” om as koninklike raadgewers opgelei te word.

### Nebukadnesar se nagmerrie

‘n Rukkie hierna het die koning ‘n droom gehad. In werklikheid was dit ‘n nagmerrie wat hom nie wou loslaat nie, maar wat hy die volgende oggend nie kon onthou nie.

Oortuig van die droom se belangrikheid, het Nebukadnésar sy koninklike raadgewers ingeroep en vir hulle gevra om vir hom te vertel wat hy gedroom het en ook wat sy droom beteken het.

Hierdie “wyse manne” het beswaar gemaak teen hierdie verregaande opdrag. Maar die koning het gesê, “Vertel vir my die droom of ek sal julle laat doodmaak!” Ten spyte van die doodsdreigement, kon die koninklike raadgewers egter nie met ‘n geloofwaardige antwoord na vore kom nie.

Daniël en sy drie vriende was egter nie na die paleis geroep saam met die res van die koning se raadgewers nie. Aangesien hulle egter miskien ook wyse-manne-in-opleiding was, het die opdrag hulle ook ingesluit. Toe die amptenare gekom het om hulle te arresteer, het Daniël gevra vir nog ‘n bietjie tyd. Die versoek was toegestaan, en daardie nag het God vir Daniël presies dieselfde droom gegee as wat Nebukadnésar gehad het. (God was die een wat dit in die eerste plek vir die koning gegee het.) Die volgende oggend het die amptenaar wat hom moes arresteer vir Daniël voor die koning gebring.

### Daniël verduidelik die droom

Nadat die formaliteite van groet afgehandel was, het Daniël vir die koning vertel wat hy gedroom het. “U, o koning, het ‘n gesig gehad – kyk, daar was ‘n groot beeld.” Die kop van die beeld was van goud gemaak,

Ons hoop dat u dit geniet het om hierdie artikel te lees.

Indien u belangstel om soortgelyke materiaal oor onderwerpe soos verlossing, profesie, bybelse leerstellings, en Christelike lewenstyl te ontvang, of meer oor die Bybel te leer, kontak:

Anne-Marie of Malcolm by  
011 616 0171

of

Posbus 13415  
Witfield  
1467


die arms en bors van silwer, die heupe van brons, die bene van yster, en die beeld se voete was gemaak van yster met klei gemeng. Soos wat die droom voortgegaan het, het ‘n groot rots asof van nêrens verskyn, die beeld omgestamp, en dit tot poeier fyngemaal. Die rots het toe ‘n groot berg geword wat die hele aarde gevul het.

Vanselfsprekend was die koning angstig om te weet wat die droom beteken het. Die begin van Daniël se verduideliking moes hom met trots vervul het: “U, o koning, ... is die hoof van goud.” Sy volgende woorde was egter nie so vleierend nie: “Ná u sal ‘n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u.” Daniël het verduidelik dat daar altesaam drie koninkryke die van Babilon sou opvolg. Die meeste Bybelverklaarders stem saam dat dit Mede-Persië, Griekeland, en Rome voorstel.

Rome was egter die laaste in die opvolging van magtige ryke. Toe dit verbrokkel het, het die oorblyfsels daarvan uiteindelik die onderskeie nasies van Europa, Noord-Afrika, en die Midde-Ooste geword wat ons vandag ken. Die rots se vernietiging van die beeld stel die vernietiging van hierdie nasies aan die einde van die wêreld voor, waarna God Sy eie ewige koninkryk sal oprig.

### Wat is so verbasend

Hier volg nou wat so verbasend is oor hierdie profesie. Daniël het dit iewers rondom die jaar



600 v.C. geskryf. Hy was bekend met Babilon aangesien hy daar gewoon het, en hy kon van Mede-Persië geweet het toe hy hierdie profesie geskryf het – alhoewel daardie mag Babilon nie voor jare daarna omver gewerp het nie. Menslik gesproke was daar egter geen manier waarop Daniël die opkoms en val van Griekeland en Rome kon voorspel het nie, óf die verbrokkeling van die Romeinse Ryk. Hoërskool handboeke oor wêreldgeskiedenis getuig egter dat Nebukadnésar se droom vervul was *presies net soos wat Daniël dit aan die koning gegee het!*

Sommige Bybelkommentators maak egter daarop aanspraak dat Daniël slegs eenhonderd-en-veertig jaar voor Christus geskryf het, eerder as in ongeveer 600 v.C., soos wat hy beweer het. Hulle sê dus dat daar niks bonatuurlik was oor sy uitleg van die geskiedenis nie. Maar al het Daniël selfs sy profesieë in 150 v.C. geskryf, is daar geen manier waarop hy kon geweet het van die verbrokkeling van die Romeinse Ryk in baie afdelings, wat eers ongeveer vierhonderd jaar later gebeur het nie.

‘n Verbasende feit konfronteer ons dus: ‘n Profeet wat meer as tweeduiseend vyfhonderd jaar gelede geleef het, het in die stroom van tyd afgekyk en ‘n vooruitsienende akkurate uitleg van die toekoms gegee.

Ons kan tot geen ander gevolgtrekking hieruit kom as dat Daniël hierdie uitleg van die toekoms van God Self ontvang het nie. En omdat alles in Daniël se uitbeelding van wêreldgeskiedenis vervul is, kan ons